



NGB Artikel 36

Die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) se fokus verskuif vervolgens na die burgerlike owerheid. Hoe verstaan die Reformasie die owerheid se posisie en gesag? Twee interpretasies kompeteer om die dominante posisie ten opsigte van die interpretasie van die NGB teks. Tydens die bespreking sal beide aangedui word. Alvorens die teks en interpretasie ter sprake kom, is dit eers gerade om 'n historiese agtergrond te gee. Hierdie agtergrond sal dan die keuse van temas en woorde laat sin maak.

Daar is reeds by vorige artikels verwys na die Anabaptiste en hulle dwalings. Daar is ook verwys na die gebeure in Munster. Die Roomse kerk het gou na die Reformasie 'n parallel tussen die Anabaptiste en die Reformasie gebeure probeer aandui. Die Protestante het die bewerings kategorieë ontken. Waarom? In antwoord op hierdie vraag moet 'n stukkie geskiedenis nou van nader betrag word.

Die stad Munster het 'n baie verdraagsame beleid ten opsigte van godsdiens gehad. Dit het Anabaptiste¹ van oral in Europa gelok om daar te gaan woon. So het ook Johannes Leyden, 'n Nederlandse kleremaker, tydens 1533 sy weg na hierdie stad gevind. Op daardie stadium was Johannes Matthys die leier van die Anabaptiste. Laasgenoemde het Leyden as apostel uitgesonder, 'n apostel

wat die boodskap sou verkondig en uitverkorenes sou inwy.

Met die groeiende getal Anabaptiste in die stad het hulle 'n meerderheid in die gemeenteraad bekom en die stad 'n vesting van hulle dwaling gemaak.

Frans von Waldeck, die Roomse biskop van die stad, is reeds in Februarie 1534 uit die stad verdryf. Hy sou met die hulp van Philips van Hessen die stad beleër. Intussen het Matthys die stadsraad omvergewerp en die stad begin regeer. Tydens 'n skermutseling op 5 April 1534 het Matthys gesneuwel en het Johannes Leyden by hom oorgeneem. In September 1534 verklaar Leyden die stad tot teokratiese koninkryk van Sion en homself tot koning. Hy het vir homself 'n luisterryke hofhouding opgerig.

In hierdie nuwe Sion het geld in onbruik geraak, private besit is afgeskaf en poligamie ingestel. Die afskaf van geld en die beëindiging van privaat besit was die gevolg van sy oortuiging dat dit die begin van die nuwe hemel is. Rykes se huise is geplunder.

Die poligamie was as gevolg van sy dekreet dat alle hubare meisies moes trou. Daar was meer vrouens as mans en die gevolg was poligamie. Johannes Leyden het ook hier leiding gegee deur 16 of 17 vrouens te hê. Seksuele losbandigheid was na bewering in oorfloed teenwoordig.

Aanvanklik was almal aangemoedig om weer gedoop te word. Later het

¹ Radikale, geestelike stroming in die Europese Hervormingsbeweging van die 16de eeu, waarvan die aanhangers die kinderdoop verwerp en die volwassenedoop ingestel het, die

Inwendige Woord (d.w.s. die getuienis in die siel) naas die Heilige Skrif gestel het, 'n lekegodsdienst voorgestaan het en maatskaplike hervorminge geëis het.
WAT

wederdoop verpligtend geword. Diegene wat beswaar gemaak het of weerstand gebied het, is uit die stad gedryf en vervang met Anabaptiste uit die omliggende gebied.

Die doodstraf is ingestel vir enige oortreding, selfs 'n mindere oortreding soos jok. Daar word vertel dat Leyden een van sy vrouens laat onthoof het omdat sy kritiek gelewer het op sy uitspattige leefstyl.

Met die oog op die komende apokalips is alle boeke, uitgesluit die Bybel, verbrand en in 'n verwoede vlag ikonoklasme is beelde en kerke vernietig. Die mense het in ellende gelewe terwyl die beleg deur von Waldeck se huursoldate verseker het dat lewensmiddele skaars raak in die stad.

Daar was 'n groep wat semi-sukcesvol was met 'n staatsgreep, hulle kon selfs vir Leyden in die tronk stop. Die meerderheid in die stad was Anabaptiste en dit het hulle ontevrede gelaat. Leyden is in sy posisie herstel en daar is besluit dat mense sonder verhoor tereggestel kom word. 'n Skrikbewind het gevolg. Ene Gresbeck, 'n ontevrede burger van Munster, het von Waldeck en sy troepe toegang tot die stad gegee. Bloedige gevegte het in die strate gevolg en na verbete teenstand is die Anabaptiste verslaan. Leyden is gevange geneem, in 'n staalhok geplaas en as vertoonstuk in Europa rondgestuur. Daarna is hy tereg gestel en die staalhok (met sy lyk in) aan die kerktooring te Munster gehang as afskrikmiddel. Die Anabaptiste was skuldig aan dwaalleer (kettery) en anargie.

Hierdie gure geskiedenis het die hele Europa geskok en Rome het alles moontlik probeer om die Reformasie aan

hierdie tragiese gebeure te verbind. Anargie, magsvergrype, staatsgrepe, bandeloosheid, grondgrype, gewettigde diefstal, godsdienstdwang en ander het tydens hierdie smaaklose episode die verdorwenheid van die mens na vore gebring. Met hierdie onsmaaklikheid wou die Reformatore met reg geen verbintenis hê nie. Dit is teen hierdie agtergrond dat Guido de Bres in 1561 artikel 36 verwoord.

In die artikel word vyf temas aangespreek. Hierdie vyf temas sal in hierdie en die volgende uitgawe van Die Skietlood bespreek word. Die eerste tema wat ter sprake kom is die feit dat God in Sy algemene genade burgerlike owerhede aangestel het sodat ons as mensdom nie aan die volle konsekwensies van ons sondigheid uitgelewer sal word nie. Die burgerlike owerheid dien die hele gemeenskap. As tweede tema - na die bevestiging van die owerheid as gawe van God - word gefokus op die doel van die owerheid, met spesiale verwysing na die mag van die swaard wat ten doel het om ons in ons sondigheid in te perk. Die derde bespreking in Artikel 36 behandel die verhouding tussen kerk en staat. Hier is daar twee interpretasies wat bespreek sal word. Vierdens word die pligte, rol en verantwoordelikhede van burgers bespreek. Die laaste tema onder bespreking sal die verwerping van die dwaling van die Anabaptiste wees, 'n tema wat in ons konteks in die RSA goeie aandag verdien. Die teks:

DIE BURGERLIKE OWERHEID

Ons glo dat ons goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag konings, vorste en owerhede

aangestel het. Dit is immers sy wil dat die wêreld deur middel van wette en regerings geregeer moet word, sodat die losbandigheid van die mense in bedwang gehou kan word en alles onder die mense ordelik kan verloop. Vir dié doel het Hy die owerheid die swaard in die hand gegee om die kwaaddoeners te straf (Rom. 13:4) en die deugsames te beskerm. En dit is nie alleen hulle taak om aan die staatsbestuur aandag te gee en daarvoor te waak nie maar ook om die heilige Woord bediening te beskerm, om sodoende alle afgodery en valse godsdiens teen te gaan en uit te roei, die ryk van die Antichris te vernietig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder, die Woord van die evangelie orals te laat verkondig, sodat God deur elkeen geëer en gedien word soos Hy in sy Woord beveel. Verder is elkeen verplig, van watter hoedanigheid, rang of stand hy ook al mag wees, om hom aan die owerhede te onderwerp, belasting te betaal, aan hulle eer en onderdanigheid te bewys, hulle te gehoorsaam in alles wat nie met die Woord van God in stryd is nie, en vir hulle voorbidding te doen dat die Here hulle in al hulle handeling mag bestuur, sodat ons in alle godsvrug en eerbaarheid 'n rustige en stil lewe kan lei (1 Tim. 2:2). Hierin verfoei ons die Wederdopers en ander oproerige mense en in die algemeen almal wat die owerheids gesag en regeerders wil verwerp en die regsorde omver wil stoot, terwyl hulle die gemeenskaplike besit van goedere invoer en die eerbaarheid wat God onder die mense ingestel het, versteur.

Die bespreking wat volg, haal eers die teks in **vetdruk** aan en bespreek dit dan in gewone skrif, terwyl aanhalings in *kursief* gedruk sal wees.

DIE BURGERLIKE OWERHEID

Die kerk is nie die staat nie, ten spyte van diegene se wens dat daar geen grens sal wees nie. Gelowiges is in die wêreld, maar nie van die wêreld nie. Tot op hierdie punt het die NGB gepraat oor die "nie van die wêreld nie". Artikel 37 sal op die einde van alles fokus. Artikel 36 wil nou oor die "in hierdie wêreld" sekere sake stel. Die veronderstelling is dat gelowige wees op alle ander vlakke deel van die Christen se lewe sal wees. Die een vlak van interaksie met die wêreld (in daardie tyd) was op politieke vlak. Vandag is ons situasie in daardie opsig baie meer kompleks vandag, veral omdat ons sosiale, sport en ekonomiese interaksies moet verdiskonteer. Die kerk sal mettertyd verantwoording moet doen vir nadenke oor hierdie sake. Terug na die burgerlike owerheid.

Ons glo dat ons goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag konings, vorste en owerhede aangestel het.

Daar is verskeie teorieë oor die aard en oorsprong van gemeenskappe, die owerhede en die magte en regte van die owerhede. Aristoteles het geglo dat die staat (*polis*) die ruimte is waarbinne die mens sy volle potensiaal verwesenlik omdat die staat deur die Rede gedomineer word. Die owerhede moet daarom in beheer van alles wees, selfs die opvoeding van kinders en ander aspekte van gesinslewe. Maar hoe het die beheer oor mense begin?

Die geweldsteorie postuleer dat 'n klein groep mense 'n spesifieke area as hulle eiendom opgeëis het en toe almal in daardie area by wyse van geweld gedwing het om aan hulle gehoorsaam te wees. Uit hierdie geweld het state gevorm.

Die evolusie teorie glo dat leierskap organies gegroei het uit die rol wat ouers en oueres in die ontwikkelende gemeenskappe gespeel het. Die hoof van die huis was die "regering" en soos gemeenskappe gegroei het, is hierdie rol en gesag aan prominente persone oorgedra.

Die sosiale teorie (ook bekend as die sosiale kontrak) is in verskillende vorme op hierdie stadium die mees gewilde antwoord op die vra na die gemeenskap, die staat en die staat se gesag. Mense soos Hume, Locke en Rossouw het gepostuleer dat elke mens soewerein is. Weens die mens se uitgelewerde bestaan (aan ander mense en die elemente) het mense saamgekom. Eie intelligensie en krag het bepaal in welke mate mense van ander afhanklik was. In ruil vir hulp en beskerming het mense regte en vryhede ingeboet. Die sosiale kontrak het ontwikkel as bolwerk om mense se gesondheid, welstand en veiligheid te verseker. Tot sover die teorieë wat vanuit die filosofie en sosiale wetenskappe aangebied word.

Die owerheid as gesag met goddelike gesag word vanuit die geloofsperspektief aangebied. Daar is meer as een weergawe. Tiranne is geneig om te beweer dat hulle deur 'n god self aangestel is. Teenstand teen hulle is dan teenstand teen God. Dit is gewoon God gebruik om eie wil en eie mag te verskans. Die NGB se antwoord verskil

hiervan en is in lyn met wat ons in die Bybel leer. God self het owerhede en regerings (instansies, nie persone nie) aangestel. Hierdie regerings is 'n noodsaaklike instelling, ons lees van die alternatief in die opsomming van 'n era in Rigters 21:25 " *In dié dae was daar geen koning in Israel nie: elkeen het gedoen wat reg was in sy oë.*"

Dit is met ander woorde die verdorwenheid van die mens wat daartoe gelei het dat God owerhede ingestel het.

Dit is immers sy wil dat die wêreld deur middel van wette en regerings geregeer moet word, sodat die losbandigheid van die mense in bedwang gehou kan word en alles onder die mense ordelik kan verloop.

Ons lees reeds vanaf Genesis 1 van God en orde. God het chaos tot orde geroep. Die heelal is ordelik geskep. Elke ruimte is sinvol en ordelik gevul. Elke ding op sy plek en 'n plek vir elke ding. Die mens is as kroon van die skepping aangestel om te heers, te versorg, in stand te hou. Met die sondeval het alles verander. Verganklikheid is op die skepping afgedwing sodat die mens nie as gevalle en vervalde wese vreemd in 'n perfekte heelal bestaan nie - Romeine 8:20-21 "*Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe nie gewillig nie, maar ter wille van hom wat dit onderwerp het in die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlijkheid van die kinders van God.*"

Die mens wat eens in harmonie met God gelewe het, het nou selfsugtig en losbandig begin lewe. Die skepping se verganklikheid loop uit op verval en entropie. Die mens se sondigheid loop uit

op wanorde en vernietiging. Reeds die eerste twee kinders in die skepping se verhaal illustreer dit. Kain vermoor Abel. So is dit deur die verloop van tyd. Die mens moet in bedwang gehou word. Vir die doel het God bepaal dat daar wette en regerings sal wees. Die doel van wette en regerings is nie om mense te beheer of onderdruk nie, dit is daar om mense in bedwang te hou. Wette het ten doel om

die bane van aanvaarbare optrede aan te dui. Die misbruik van wette deur regerings en owerhede sal in die volgende uitgawe onder die loep geneem word. In die volgende uitgawe van Die Skietlood meer oor die mag van die swaard, die verpligtinge wat Christene het en die verwerping van sosialistiese en kommunistiese ideale.